

SONDAG: 3

VRAAG EN ANTWOORD: 8

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling	
Vraag: Is ons so verdorwe dat ons glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en tot alle kwaad geneig is?				
Antwoord: Ja,	1	Genesis 6:5	Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was,	Toe die Here sien hoe groot die verdorwenheid van die mens op aarde is en dat hy sy lewe lank net slegte dinge bedink,
		Genesis 8:21	En die HERE het die lieflike geur geruik, en die HERE het in sy hart gesê: Ek sal die aarde verder nie meer vervloek ter wille van die mens nie, want die versinsels van die mens se hart is sleg van sy jeug af. En Ek sal verder nie meer al die lewende wesens tref soos Ek gedoen het nie.	Die Here het die offer aanvaar en Hy het by Homself gesê: "Ek sal nie weer so 'n ramp oor die aarde laat kom vanweë die mens nie. Van sy jeug af bedink die mens net slegte dinge, maar Ek sal nie weer al wat lewe laat omkom soos Ek gedoen het nie.
		Job 14:4	Ag, kon maar 'n reine voortkom uit 'n onreine - nie een nie!	Wie kan rein uit onrein laat voortkom? Niemand nie!
		Job 15:14	Wat is die mens, dat hy rein sou wees? En hy wat uit 'n vrou gebore is, dat hy regverdig sou wees?	Hoe kan 'n mens rein wees? Hoe kan 'n sterfling onskuldig wees?
		Job 15:16	hoeveel minder die afskuwelike en ontaarde, die mens wat onreg drink soos water!	hoeveel minder 'n onrein, verdorwe mens wat boosheid indrink soos water?
		Job 15:35	Hulle is swanger van moeite en baar onheil; en hulle skoot bring bedrog voort.	Dit is hulle wat swanger is van die kwaad, wat onreg voortbring en aan bedrog die lewe skenk."
		Jesaja 53:6	Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die HERE het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom.	Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop, maar die Here het ons almal se sonde op hom laat afkom.
		Johannes 3:6	Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees.	Wat uit die mens gebore is, is mens; en wat uit die Gees gebore is, is gees.
		Titus 3:3	Want ons was ook vroeër onverstandig, ongehoorsaam, op 'n dwaalweg, verslaaf aan allerhande begeerlikhede en singenot; ons het in boosheid en afguns gelewe; ons was haatlik en het mekaar gehaat.	Vroeër was ons ook onverstandig, ongehoorsaam, op die verkeerde pad, verslaaf aan allerlei begeertes en singenot; ons het ons lewe in kwaadwilligheid en jaloesie deurgebring; ons was haatlik en het mekaar gehaat.
behalwe as ons deur die Gees van God weergebore word	2	Johannes 3:3	Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.	Daarop sê Jesus vir hom: "Dit verseker Ek jou: As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie."
		Johannes 3:5	Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.	Jesus het geantwoord: "Dit verseker Ek jou: As iemand nie uit water en Gees gebore word nie, kan hy nie in die koninkryk van God kom nie.

	1 Korintiërs 12:3	Daarom maak ek julle bekend dat niemand wat deur die Gees van God spreek, Jesus 'n vervloeking noem nie; en niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees.	Daarom wil ek hê julle moet weet dat iemand wat sê: "Vervloek is Jesus", nie deur die Gees van God praat nie; en niemand kan sê: "Jesus is die Here" nie, behalwe deur die Heilige Gees.
	2 Korintiërs 3:5	Nie dat ons uit onself bekwaam is om iets as uit onself te bedink nie, maar ons bekwaamheid is uit God,	Uit onself is ons nie in staat om iets te bedink asof dit uit onself kom nie. Ons bekwaamheid kom van God,